

15 Januarie

Efesiërs 5, (Teks: 5:16)

Koop die tyd uit!

In die Grieks is daar twee woorde vir tyd. Die eerste woord is die woord *chronos*. Dink maar aan ons Afrikaanse woord *kronologie*. Hierdie woord beteken doodgewoon: horlosietyd - tyd wat voorttik sonder dat ek en jy enige beheer daaroor het. Ons kan niks aan die verloop van horlosietyd doen nie: jaar na jaar, dag na dag, uur na uur, sekonde na sekonde tik dit voort, of ons daarvan hou of nie.

Die tweede woord is die woord *kairos*. Hierdie woord beteken iets soos oomblikke van waarheid, oomblikke van beslissing, kruispadgeleenthede in 'n mens se lewe. 'n Mens se beroepskeuse, jou keuse van 'n huweliksmaat - al hierdie momente in 'n mens se lewe - dit is kairos-momente. Ook kleiner besluite in 'n mens se lewe - dit is alles kairos-oomblikke.

En waar ons geen beheer oor *chronos-tyd* het nie, het ons alle beheer oor *kairos-oomblikke*.

My keuse in 'n kairos-moment bepaal in 'n mindere of meerdere mate die gang van my lewe vorentoe.

As daar nou in ons teksgedeelte die opdrag na ons toe kom: "Koop die tyd uit", dan gaan dit oor kairos-geleenthede. Daarom vertaal die Nuwe Vertaling ook met "Maak die beste gebruik van elke geleentheid". Die Here wil dus hê dat ons alle geleentheid wat na ons toe kom, moet aangryp en die beste daarvan maak.

Hoekom? "...want die dae is boos" (OAV). "..want ons lewe in 'n goddelose tyd" (NAV).

Hoekom is dit so? Sekerlik een rede is: Satan maak die beste gebruik van elke geleentheid.

Satan sê nie: Môre is nog 'n dag nie. Elke geleentheid om ons aan te val en te vernietig,

gryp Satan gretig aan.

Mag die Here gee dat ons in hierdie saak nie luier sal wees as Satan en so Satan se saak in hierdie wêreld bevorder nie.

Sing: Psalm 90:9
(Bloempark)

Ds. H.J. Vermeulen